Die Wetboek Heroutdek

Germiston N.G. Kerk

28 Oktober 1990.

# Die Wetboek Herontdek.

Germiston NGK
28 Okt. 1990.

2 Kon. 22 v. 1–13
2 Kon. 23 v. 1–3.

Teks: 2 Kon. 22 v. 8 – Die hoëpriester Gilkija sê toe vir die staatsekretaris Safan: "Ek het die wetboek in die huis van die Here gekry".

Gemeente van Christus Jesus,

In die geskiedenis van die Kerke van Gereformeerde Belydenis dwarsdeur die wêreld was hierdie dag, Hervormingsondag, nog altyd 'n dag van besondere betekenis. Want dis die dag waarop die Kerke en gemeentes wat deel vorm van die Gereformeerde familie daaraan herinner word dat die Hervorming ons oproep tot voortdurende reformasie in gehoorsaamheid aan die lewende Woord en in besonder aan Christus Jesus wat deur sy stigting van die Kerk ons roep tot gehoorsaamheid aan die Woord en tot die erkenning dat Christenwees en Kerkwees beteken vir ons as gereformeerdes in 'n besondere sin om deel te wees van 'n voortgaande proses van groei in die verstaan van die waarheid van die Woord, van die wesenlike aard en getuienis van die Kerk en van die verantwoordelikheid van die Kerk tot die

wêreld waarin ons daaglikse lewe.

// Maar daar is nog 'n rede waarom Hervormingsondag 'n besondere boodskap vandag inhou vir hierdie gemeentes vir die hele Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, vir die familie van Ned. Geref. Kerke in Suider-Afrika en vir die Owerheid en bevolking van ons land as geheel. Om te verduidelik wat ek bedoel moet ek u verwys na ons teks in 2 Kon. 22 vs. 8 waar daar staan: Die hoëpriester Gilkija sê toe vir die staatsekretaris Safan: "Ek het die wetboek in die huis van die Here gekry" asook na die historiese gebeure wat hierdie herontdekking van die wetboek in die geskiedenis van Juda voorafgaan.

Wat kortliks gebeur hier in 2 Kon. 22 en 23? Josia, 'n vroom en opregte Koning, heers oor die klein verdeelde stamme van Juda en ons lees in 2 Kon. 22 vs. 2: "Josia het gedoen wat reg is in die oë van die Here" As deel van sy taak onderneem hy die suiwering en herstel van die tempeldiens na 'n tyd van ernstige godsdienstige verwaarlosing en verval.

In die proses word die wetboek in die tempel gevind en rapporteer die hoëpriester Hilkija die wonderlike verblydende nuus aan staatsekretaris (sê maar die Minister van Binnelandse Sake) Safan: "Ek het die wetboek in die huis van die Here gekry". Safan op sy beurt bring dit aan die Koning wat by die voorlees daarvan so ernstig ontstelld is oor die inhoud dat hy dadelik opdrag gee in vs. 13 (Kon 22) dat God geraadpleeg moet word oor wat Hy van die volk verwag. Baie interessant is dit om te lees dat hulle dan na 'n vrou gaan, 'n profetes Hulda om hulle te help om die waarheid van die woord van God vir Juda te interpreteer – 'n vrou dus wat 'n ampsbediening vervul! Die herontdekking van die inhoud en betekenis van die wetboek lei tot die Koning se onmiddelike bereidheid om in gehoorsaamheid aan God hierdie opdragte te aanvaar en uit te voer!

→ So word die wetboek tot lewende Woord!

Maar wat het dit nou alles te doen met wat op hierdie dag, Hervormingsondag 1990, hier in die gemeente gebeur?

"In opregtheid en beskeidenheid doen ons belydenis oor die sondige besluit van 1857 en deur 'n konkrete daad van gehoorsaamheid aan God en sy Woord wil ons ons deel doen om die gebroke eenheid van die Gereformeerde familie in Suid-Afrika te herstel". Sal dié voorbeeld, die moedigheid en ook die liefdesuitnodiging aanklank en instaan by alle gemeentes van die N.G. Kerk?

Maar ons moet ook vandag die vraag wyer stel: Wat gebeur vandag in die familie van Ned.-Ger. Kerke? In die afgelope maand het ingrypende binne die familie gebeurtenisse plaasgevind:

1. Op 4 Oktober het die NGSK en die NGKA een Verenigde Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika geword.
2. By die Alg. Sinode van die Ned. Ger. Kerk is die afgelope 10 dae uiters belangrike besluite geneem: Afgesien van die aanvaarding van die rapport Kerk en Samelewing is myns insiens 4 besluite geneem wat van groter en ingrypender betekenis is as dié oor Kerk en Samelewing.

1. 'n Beginsel is toegestaan tot die strukturele eenwording met die ander N.G. Kerke oor te gaan
2. Die oor-en-weer aanvaarding van die status van alle predikante in die N.G. Kerkfamilie is goedgekeur — dus weg tot oor-en-weer beroeping
3. 'n Deklarasie van christelike beginsels vir 'n nuwe Suid-Afrika is aanvaar — eenheid
4. Die reg van die vrou om tot alle ampte toe te tree is aanvaar.

Wie die betekenis van hierdie gebeure en besluite ontleed kan met reg die gevolgtrekking maak dat hier 'n proses plaasvind van die herontdekking van die Woord, van sy boodskap, sy getuienis en sy betrokkenheid by die samelewing. ~~In 'n besondere sin is~~ Dit kom my voor dat God besig om aan die familie van die N.G. Kerke te sê dat in 'n besondere sin die Kerke weer besig is om die Wetboek in die huis v.d. Heer te kry. Maar hd. belangrike besluite loop gevaar om niks anders te bly as bloot besluite nie tensy besliste, doelbewuste stappe geneem gaan word deur die hele Kerk van gemeente tot gemeente om 'n proses

aan die gang te sit om die Bybel en sy boodskap vir ons tyd te herontdek, te herinterpreteer en te herreformeer. Waar enigsins moontlik moet die samewerking van die nuwe Verenigde Geref. Kerk van Suider-Afrika gesoek word, veral om die blanke N.G. Kerk te help om so ook die rasse-prentjie te sien en verstaan van die ander kant – die kant van ons swart en bruin Xtene

Mag die Here u seën. 6

. . - - Maar ons laat skyn

. . - — Vrede [illegible] amen